## BOEKBESPREKINGS:

### DRS. A. B. LAM, „HET GEGEVEN WOORD", BIJBELSE GESCHIEDENIS OP DE LAGERE SCHOOL. BOEKENCENTRUM N.V., S. GRAVENHAGE 1968.

Drs. Lam het op versoek van die redaksie van Praktisch Theologische Handboekjes, naamlik dr. M. H. Bolkenstein, prof. dr. P. J. Roscam Abbing en prof. dr. J. Firet, bogenoemde werkie die lig laat sien.

Vrae in verband met die Bybelonderrig word hier duidelik gestel en beantwoord. Die eerste en belangrikste vraag is: Waarom vertel ons Bybelse Geskiedenis? Dan volg vrae soos: Wat is die kenmerk van 'n goeie vertelling? Watter foute moet vermy word? Van watter hulpmiddels moet ons gebruik maak? Kan ons 'n kinderbybel kritiekloos gebruik? Moet ons volgens 'n leerplan te werk gaan?

Op 'n Bybelsverantwoorde wyse word hierdie vrae beantwoord. Hy trek die sake nie slegs op psigologiese vlak nie, maar gaan Bybels-teologies te werk. Dit is 'n grondige prinsipiële besinning oor al die aspekte van Bybelonderrig. Daarna word die lyne deurgetrek tot die praktyk.

Waar ons sondagskoolarbeid gekonsentreerd is op kursusse vir die deegliker onderrig van ons kinders in die Bybel, wil ek hierdie boekie sterk aanbeveel. Dit is seker in baie opsigte een van die mees onmisbare boekies vir elkeen wat met die Godsdiens- en Bybelonderrig, sowel in die Kerk as in die skool, te doen het. Bestel dit dadelik by H.A.U.M. Dit is 'n verryking om met die besinning en adviese van drs. Lam kennis te maak.

L. M. LE ROUX.

F. G. M. du Toit (vers), **Rondom 1866. Uitgesoekte Tekste van Dokumente en Ander Stukke met betrekking tot Kerklike ontwikkelings, veral in Transvaal,** N.G. Kerk-Boekhandel, Pretoria 1969. 234 bladsye. Prys R2.75.

Met hierdie uitgawe het ds. F. G. M. du Toit, Argivaris van die N.G. Kerk 'n dubbele taak verrig. In die eerste plek het hy uitvoering gegee aan 'n kerklike opdrag en in die tweede plek het hy elke navorser op die gebied van die Transvaalse kerkgeskiedenis te hulp gekom met die publikasie van hierdie argiefstukke rondom 1866. Dit is so dat die beoordeling van die gebeure op die kerklike erf in Transvaal in die jare 1864-1866 nie deur almal op dieselfde wyse beoordeel word nie. Daarom is dit goed dat hierdie historiese stukke en dokumente gepubliseer is, sodat die verloop van sake sorgvuldig ook aan die hand van hierdie stukke bestudeer kan word.

Die boekie word ingelei deur 'n drietal artikels, naamlik die Geleentheidsrede van dr. Wm. Nicol op 4 Desember 1966 te Utrecht ter herdenking van die eerste sinodale byeenkoms van die N.G. Kerk wat in 1865-1866 deur ds. F. L. Cachet gestig is, 'n artikel van dr. G. D. Scholtz, **Ter Herdenking aan 4 Desember 1866** wat in 1966 in Transvaal versprei is, en 'n artikel van ds. F. G. M. du Toit, **Ds. Frans Lion Cachet — sy rol in die jaar 1866**. Genoeg om te sê dat hierdie artikels 'n duidelike uiteensetting gee van die standpunt wat deur die Ned. Geref, Kerk ingeneem is in die beoordeling van die gebeure van 1866 — 'n standpunt wat nié algemeen aanvaar word nie.

Op hierdie artikels volg dan, vanaf bls. 36 tot bls. 234 die dokumente wat deur ds. Du Toit byeengebring is. Hierdie dokumente is 'n handige en noodsaaklike aanvulling van Gerdener se **Boustowwe** wat buitendien deesdae moeilik verkrygbaar is. Uit verskillende oorde is die dokumente versamel, maar so ver as ek kan vasstel is daar nié gebruik gemaak van dokumente uit die Ned. Hervormde Kerkargief nie. So sou dit 'n interessante toevoeging gewees het tot die stukke op bls 120 vgg. as die teks van die „stigtingsakte" van die N.G. Sinode van 4 Desember 1866 ook opgeneem sou gewees het. Weliswaar word 'n foto daarvan gepubliseer in S. P. Engelbrecht, **Album vir die Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk van Afrika,** Pretoria 1965, bls. 70-71, maar tog is dit wel 'n dokument wat vir opname kon kwalifiseer.

Verder bly dit vir my 'n oop vraag of slegs die publikasie van die teks van die verskillende stukke en dokumente voldoende is om die gewone leser wégwys te maak of sy belangstelling te

prikkel. 'n Kort inleiding met 'n paar kanttekeninge, waar nodig of gewens, kan baie help om die gewone leser méér vertroud te maak met die omstandighede en ook die waarde van elke afsonderlike stuk. Dit sou 'n stimulus wees vir die gewone leser om hom verder in die materie te verdiep. Vir die vakman is dit uiteraard nie nodig nie, maar die vakmanne is relatief dun gesaai!

Alles bymekaar geneem, is die publikasie van hierdie tekste tog hoog te waardeer en is dit ongetwyfeld 'n goeie hulpmiddel vir elke leser en student van die geskiedenis, om meer vertroud te raak met die dokumente van die geskiedenis.

A. D. PONT.

---

Abraham Trommius, **Nederlandse Concordantie van de Bijbel,** 13de druk, J. N. Voorhoeve, Den Haag, s.j.

Ons kan volstaan met 'n aankondiging dat die dertiende druk van die beroemde Trommius verskyn het. Ons kan daarmee volstaan omdat vorige drukke reeds in ons blad aangekondig en bespreek is. Buitendien is Trommius by ons so bekend dat geen bespreking nodig is nie. Die predikant wat Trommius nie op sy boekrak het nie, mis een van die heel belangrikste hulpmiddels in Bybelstudie. Ek wil net byvoeg dat hierdie konkordansie van so 'n aard is dat enige ontwikkelde lidmaat daarvan gebruik kan maak en ek wil dit graag by ons lidmate aanbeveel. Die feit dat dit 'n Nederlandse konkordansie is, is vir ons Afrikaners wat die Afrikaanse Bybel gebruik, geen hindernis nie.

— Prof. P. S. Dreyer.

---

Werkgroep Kerk en Prediking (red.), **Postille 1969-1970,** Boekencentrum, 's-Gravenhage. Prys ongeveer R3.

Hierdie preekbundel verskyn reeds baie jare lank aan die begin van elke jaar en het by baie van ons predikante 'n bekende en gewaardeerde hulpmiddel by die prediking geword. Soos in die vorige **Postilles** word die preke voorafgegaan deur 'n artikel wat vir die praktiese teologie van belang is. In hierdie 21ste **Postille** gaan dit oor „Psychologische Factoren bij de Prediking." In die onderhawige Postille is daar iets nuuts: Prof. Miskotte sluit die boek af met 'n serie sketse (die eerste in 'n reeks wat blykbaar nog moet volg) na aanleiding van die „Fundamenten en Perspectief" — proef van 'n hedendaagse belydenis. Hierdie sketse is bedoel vir gebruik in 'n leerdiens.

Ek wil graag die boek aanbeveel.

— Prof. P. S. Dreyer.